

Dinsdag 17 Mei

Skrifgedeelte: Romeine 1:8-17; HK Sondag 12, Vraag 32

Fokusgedeelte: Romeine 1:16

Die Christen as profeet: bely sy Naam

Paulus skryf aan die gelowige Romeine dat hy hom nie vir die evangelie van Christus nie skaam. Waarom skaam hy hom dan nie? Omdat hy die sogenaamde belangrike Romeine sien soos hulle werklik is as hulle voor God staan. Hy sien dat die toorn van God op hulle rus en die ewige straf vir hulle sonde op hulle wag (Rom. 1:18-32). Hy kyk nie na die dinge wat op mense 'n indruk maak, soos rammelende strydwaens en die verhewe troon van die keiser, nie. Daarom sien hy die belangrike Romeinse hoofmanne, maar ook die Romeinse slawe wat met soveel minagting behandel is, as gelykes. Hy sien hulle almal in 'n lang, patetiese ry staan, geklee met die enkele kleed van die sonde. Hy sien hulle egter ook as gelykes daarin dat hulle almal, net soos hyself, een ding meer as alles nodig het, en dit is die evangelie van redding en verlossing deur Jesus Christus.

Nou is Paulus juis van plan om na hulle toe te gaan met die boodskap dat hulle uit hulle vreeslike nood deur Christus verlos kan word en verlos sal word as hulle maar net in Hom glo. Sal hy hom dan nou skaam as hy met so 'n boodskap van verlossing na hulle toe kom? Dit sal onsinnig en verspot wees om jou daarvoor te skaam. Daarom mag ons ons ook nie skaam oor die evangelie van verlossing deur Jesus Christus nie.

Deur die genade van God het ons ons nood, ons kwaal leer ken, naamlik die sonde. Maar nou het ons ook die enigste middel leer ken vir hierdie nood of kwaal, en dit is die evangelie van Christus. Nou weet ons dat ons kwaal die van alle mense sonder uitsondering is.

Ons weet egter ook dat al die mense die geneesmiddel nog nie ken nie. Die geneesmiddel, die evangelie van Christus, kan en moet ons aan hulle bekendstel en aan hulle gee. Om aan 'n mensdom in nood die enigste ware redmiddel te gee deur die evangelie van Christus aan hulle te verkondig, dit is elke Christen se *profetiese roeping* en hierdie taak moet ons skaamteloos verrig.

Dit is ook wat ons belydenis bedoel as hy sê dat ons Christus se *Naam moet bely*. Christus het ons ook die opdrag gegee om sy getuies te wees (Hand 1:8) en om dissipels te maak van al die nasies (Matt 28:19).

As ons hierdie profetiese roeping nie vervul nie, uit skaamte of watter rede ook al, moet ons onthou dat Christus ons gewaarsku het: “*Wie hom dan vir My en my woorde skaam te midde van hierdie ontroue en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom saam met die heilige engele ...*” (Mark. 8:38). Daarteenoor sê Christus: “*Elkeen wat hom voor die mense openlik vir My uitspreek, vir hom sal Ek my ook openlik uitspreek voor my Vader wat in die hemel is*” (Matt. 10:32).